Rugby Toer na SPANJE

02OKT JOHANNESBURG / DOHA

Arriveer **Johannesburg OR Tambo Internasionale Lughawe**. Stap deur na die internasionale vertreksaal om in te bespreek vir u vlug na **Barcelona** via **Doha**. *(Hou u paspoort asook 'unabridged birth certificate' gereed om deur doeane te beweeg)*

13H55 Vertrek met **Qatar** vlug **QR1364** na **Doha**. *(etes sal aanboord bedien word)*

23H15 Arriveer **Doha Internasionale Lughawe** en gaan na die vertreksaal vir u aansluitings vlug na **Barcelona**. (*etes sal aanboord bedien word)*

03OKT DOHA / BARCELONA / LLORET DE MAR

01H40 Vertrek met **Qatar** vlug **QR137** na **Barcelona**. *(Ontbyt sal bedien word)*

07H30 Arriveer **Barcelona Internasionale Lughawe** waar u ontmoet en vergesel sal word na u luukse bus en dan vertrek op n 75 km rit na Lloret de Mar waar u sal tuisgaan vir die volgende 5 nagte (jul kan die dorp verken aangesien die kamers eers om 14H00 beskikbaar is).

Geniet vrye tyd en aandete by die hotel.

04OKT LLORET DE MAR

07h00-08h30 Geniet ontbyt by die hotel.

08H30: Vertrek na Barcelona en geniet 'n voldag stadstoer. Geniet die uitsig vanaf Montjuïc Hill, besoek Sagrada Família en Passeig de Gràcia, plus die Hawe, Olimpiese Ring en Poble Espanyol. Die Sagrada Familia is een van die bekendste landmerke in Barcelona. Die kerk is so groot, daarom het hulle dit dikwels na n "katedraal" verwys. Pous Benedictus XVI. het die Sagrada Familia geopen op 7 November 2010.

Keer terug na die hotel vir aandete.

05OKT LLORET DE MAR

07h00-08h30 Geniet ontbyt by die hotel en die **oggend vrye tyd**.

Namiddag vertrek die bus na plaaslike sport gronde vir die eerste wedstryd van die toer.

1ste Wedstryd

Keer weer later terug na die hotel vir aandete.

06OKT LLORET DE MAR

07h00-08h30 Geniet ontbyt by die hotel en die dag vry om op die strand deur te bring.

'Touch' rugby wedstryde kan op die strand gespeel word .

Aandete word by die hotel genuttig.

07OKT LLORET DE MAR

07h00-08h30 Geniet ontbyt by die hotel en die **oggend vrye tyd**.

Namiddag vertrek die bus na plaaslike sport gronde vir die tweede wedstryd van die toer.

2 de Wedstryd

Keer weer later terug na die hotel vir aandete.

08OKT LLORET DE MAR / PENISCOLA

07h00-07h45 Geniet ontbyt by die hotel en bespreek uit.

08h00 Vertrek na PortAventura *(2ure reis)* vir n dag vol opwinding.

Die Dragon Khan is n tuimeltrein gelee in die PortAventura Park in Salou and Vilaseca, Catalonia. Die Dragon Khan offer 8 verskillende 'loops' wat vir uitsonderlike opwinding sorg.

Laat namiddag vertrek ons na Peniscola. *(1hr30min rit)* waar jul vir 2 nagte sal tuisgaan in die pragtige kusdorp met sy lanings palmbome.

09OKT PENISCOLA

07h00-08h30 Geniet ontbyt by die hotel en bespreek uit.

10h00: Vertrek op 'n begeleide staptoer van die ou dorp en die middeleeuse Calle Castillo - bekend as die Stad in die See, Peñiscola is 'n baie treffende voorbeeld hiervan, met sy Templar-kasteel en middeleeuse muur wat betowerend omring word deur water. In 1972 is Peniscola as 'n Historiese Bewaringsgebied verklaar en in Oktober 2015 was dit 'n plek vir die verfilming van "The Game of Thrones".

Namiddag reis dan na Benidorm vir die volgende 2 nagte by n plaaslike hotel. *(+-2 ure reis*)

09OKT PENISCOLA / BENIDORM

07h00-08h30 Ontbyt by die hotel.

Vertrek om die oggend by die Aqua Natura Waterpark te geniet. Daarna reis on per bus na Benidorm waar jul vir 2 nagte sal tuisgaan.

Aqua Natura waterpark is vol opwindende en unieke ritte, asook n kans om te ontspan met 'n bietjie hidroterapie of om eksotiese seelewe te ervaar. Aantreklikhede ingesluit soos die "Aqua Snake", Rio Aventur en Le Cresta, - die enigste waterglip ter wêreld wat 'n gewaarwording van nulgravitasie gee!

Aandete by die hotel vanaand.

10OKT BENIDORM

08h00-10h00 Geniet ontbyt by die hotel en die **oggend vrye tyd**.

In die namiddag besoek Villajoyosa.

Villajoyosa, aan die noordelike punt van die Costa Blanca in die provinsie Alicante, is die hoofstad van die distrik Marina Baixa. Dit is 'n pragtige en historiese stad en strek die lengte van 'n lieflike, breë sandstrand met mooi gekleurde vissershuise wat langs die strand loop en omring met berge. Villajoyosa was deur die eeue 'n belangrike handelspunt langs hierdie kuslyn; handel in olyfolie, graan en wyn, en skeepsbou, onder andere. Maar waarvoor dit die bekendste is, is sjokolade. Gedurende die 19de eeu het die stad 'n sjokolade-industrie begin ontwikkel. As gevolg van sy handelsverbindings het dit kakao vanaf Ecuador en Venezuela begin invoer, en die bedryf het gegroei en gegroei. Die sjokolademark, 'Valor', wat in die meeste winkels en supermarkte in Spanje gevind kan word, kom van Villajoyosa.

Keer terug na die hotel vir aandete.

11OKT BENIDORM

08h00-10h00 Ontbyt by die hotel

Na ontbyt reis na Valencia en geniet die **oggend vrye tyd** (*45 min reis*)

Namiddag vertrek die bus na plaaslike sport gronde vir die derde wedstryd van die toer.

3de Wedstryd

Na die wedstryde keer terug na die hotel vir aandete.

12OKT BENIDORM / BARCELONA / DOHA

08h00-10h00 Geniet ontbyt by die hotel en bespreek uit.

10h00 Vetrek na **Barcelona Internasionale Lughawe**. Gaan na die internasionale vertreksaal om in te bespreek vir u vlug na **Johannesburg** via **Doha**.

16H20 Vertrek met **Qatar** vlug **QR138** na **Doha**. *(etes sal aanboord bedien word)*

23H35 Arriveer **Doha Internasionale Lughawe** en gaan na die vertreksaal vir u aansluitings vlug na **Johannesburg**.

13OKT DOHA / JOHANNESBURG

02H30 Vertrek met **Qatar** vlug **QR1365** na **Johannesburg**. *(etes sal aanboord bedien word)*

09H55 Arriveer **Johannesburg O.R. Tambo Internasionale Lughawe**.

****Einde van Dienste****

TOER KOSTE PER PERSOON

R28 900.00 per persoon

*Toer koste gebaseer op n minimum van **44** betalende passasiers (4 gratis pakette)*

R1 940.00 lughawe belasting per persoon (*onderhewig aan verandering*)

INGESLUIT IN TOER KOSTE:

• Retoer Ekonomiese Klas vlugte op **Qatar**:	Johannesburg / Doha / Barcelona / Doha / Johannesburg	
• 3* Hotel Akkommodasie *(deelkamer basis)*	Lloret De Mar	5 x Nagte
	Peniscola	2 x Nag
	Benidorm	2 x Nagte
Maaltye:	Ontbyt en aandete daagliks	
• Versekering:	Mediese versekering	
• Engels begeleide besoeke: Barcelona	Voldag stadstoer	
Lloret De Mar	PortAventura Park	
Peniscola	Begeleide Stap toer van die Stad	
Benidorm	Aqua Natura Waterpark	
• Privaat bus Vervoer:	Lughawe – Hotel – Besigtigings toere	
• Wedstryde:	Organisering van 3 wedstryde	
• Rugbyklere	R 2 000 se waarde	

UITGESLUIT VAN TOER KOSTE:

- Paspoorte - geldig vir 6 maande na datum van terugkeer na Suid-Afrika.
- Visa - visums word benodig vir Suid-Afrikaanse paspoorthouers.
  (koste beloop +/- R1 800-00 p/p)
- Buitelandse paspoorthouers mag egter ook visums vereis. Vra asseblief vir meer inligting en koste.
- Lughawe belasting - Hierdie bedrag word bereken volgens die wisselkoers en sal dienooreenkomstig aangepas word.
- Persoonlike uitgawes, byvoorbeeld gratifikasies, telefoonoproepe, drankies, etes nie gespesifiseer nie en enige ander diens wat nie in hierdie reisplan genoem word nie.

LET WEL:

- Toer koste is gebaseer op 'n minimum van **44 passasiers** wat reis. Die toer koste sal aangepas word indien hierdie bedrag verander.
- Koste is gebaseer op tariewe wat tans beskikbaar is. Dit is slegs 'n kwotasie en geen vlugte of dienste is namens u bespreek nie. Die finale reisplan is onderworpe aan beskikbaarheid van dienste by die tyd van die bespreking.
- Toer koste word bereken teen die huidige wisselkoers **(EUR 1.00 = R17.00)** en is onderhewig aan wisselkoersskommelings.

TERME & VOORWAARDES – www.allsportstravel.co.za

AllSportsTravel